Volwasse Menswees
GESONDE INDIVIDU, GESONDE GESIN, GESONDE SAMELEWING

PERSOONLIKE ERVARINGE VAN MENSWEES REISIGERS

"Ek is 66 jaar oud. Ek is hier gebore. My lewe begin nou eers"

"Ek het altyd vasgekyk teen swaarkry en moeilike tye en my lewe so probeer organiseer dat ek meestal net goeie en gelukkige tye beleef. Ek het die fout van my lewe gemaak, want ek het nie die wins in die gebroke deel van die lewe (wat maar elke dag deel is van elke mens se lewe) raakgesien en ontgin nie. Ek het myself verarm. Nou is ek besig met dit wat nooit van my weggeneem kan word nie."

“Man, ek was ‘n ou vir min woorde, maar ek kon ‘n ding laat gebeur. My vrou het my teen die mure uitgedryf met haar geneul om tog met haar te gesels en bietjie meer te vertel. Veral as sy aanhoudend aandring om te weet wat ek voel, wou ek sommer skei. Wel, ek praat nou nog nie so baie soos sy nie, maar die blokkasie is uit die pad en die woorde kom makliker. Ek beleef so ‘n snaakse vryheid."

"Vir die eerste keer verstaan ek presies wat my skeppingsdoel is en wat ek prakties kan doen om dit na te jaag. Daarom het ‘n diepe rus en vrede my lewensbestaan kom vul. My ontevrede gejaag na verhoudinge en dinge kon dit nooit vir my bewerk nie.”

“Wat ‘n openbaring was dit nie om te kan sien dat ek onbewustelik my lewe lank aangedryf is deur seerkry in my pogings om my lewe so in te rig dat ek veilig kan voel. Ek kon met wyse begeleiding my verlede se seer in die oog kyk, dit hanteer en totsiens sê daarvoor. Ek voel so lig en gesond en sien baie uit na God se toekoms vir my op die ou aarde totdat ek Huistoe gaan, wat dit ook al inhou."

"Ek het nooit besef die lewe kan so opwindend wees nie! Dit was vir my beide ‘n skok en verligting om te ontdek hoe ek tyd gemors het met vervelige en uitputtende herhaling van kinderagtige reaksiepatrone in my volwasse lewe. Ek dink my hele netwerk van verhoudinge gaan dans van blydskap sonder vrees dat op my lang tone wat orals rondgelê het, getrap word."

"Ek het altyd vasgekyk teen swaarkry en moeilike tye en my lewe so probeer organiseer dat ek meestal net goeie en gelukkige tye beleef. Ek het die fout van my lewe gemaak, want ek het nie die wins in die gebroke deel van die lewe (wat maar elke dag deel is van elke mens se lewe) raakgesien en ontgin nie. Ek het myself verarm. Nou is ek besig met dit wat nooit van my weggeneem kan word nie."

"Ek het een van die beste beleggings van my lewe gemaak want ek is tydens my mensweesreis onherroeplik gefokus op die belangrikste prioriteite van my lewe op hierdie kort aarde."

"Nou kan ek “nee” sê vir mense en sonde sonder om bang te wees dat ek enigeen van die twee sal seermaak!"

"Toe ek my eerste werksdag na my mensweesreis die kantoor binne stap, begin my kollegas vir my vra wat het gebeur dat ek so anders lyk. Na ‘n paar dae wou meeste van my weet waar was ek die vorige week want ek het baie verander in my gedrag.”

“My aggressiewe benadering tot mense en die aanpak van dinge het my heeltemaal begin isoleer van die lewe en my gesondheid aangetas. Die sondige dryfkragte is ontlont en ek weet nou hoe om my aggressie te kanaliseer om God se wil te kan doen, in plaas daarvan om eenvoudig mense en dinge uit die pad te vee of op hulle plek te sit."

"Ek wil nie meer my tyd mors om ontsnappingsroetes uit te werk om uit moeilike situasies weg te kom nie. Daar is baie beter en minder stresvolle dinge om te doen. Ek verwag dat ek nou baie gaan groei omdat ek nie so gaan weghol uit vrees vir konflik nie."

"Hoekom het ek nog nooit van hierdie wonderlike dinge gehoor nie? Nou op my oudag hoor ek wat die lewe eintlik is en voel ek vir die eerste keer ek gaan in die regte rigting en is toegerus daarvoor. Ek dink vir my begin die lewe nou eers.”

“My ma sê altyd ek is nog bloedjonk. Dit het my so vies gemaak. Maar nou is ek geweldig dankbaar dat ek my mensweesreis op die bloedjonge ouderdom van 19 kon doen, voor my volwasse lewe werklik gaan begin. As ek nie hierdie week se skoling ondergaan het nie, sou ek ‘n hengse klomp foute vorentoe in my lewe gemaak het."

"Ek het my yskoud geskrik, neergeval en my bekeer toe ek ontdek hoe my hele lewe as Christen eintlik wemel van afgode wat ek onbewustelik aanbid. Ek eis as ek dink dat ek in daardie toestand van moderne afgodery moes doodgaan."

"Die probleem was toe nooit kos en my gewig nie! Ek is verlos van my amper hipnotiese “trance” waarin ek was. Die lewe lyk weer so sinvol en ek voel so lig soos ‘n veertjie (al is ek nog nie, maar hou my dop)."

"Nou het ek gekry wat nog altyd ontbreek het: praktiese verhoudingsvaardighede. Want ek kan alleen so gelukkig wees as wat my verhoudinge is. En ek het net beheer oor my eie bydraes in my verhoudinge, nie oor die ander mense s’n nie. Dis ‘n wonderlike vryheid en las wat van my skouers af is."

"Ek het gedink ek is gesond en funksioneer goed. Die trots van my vlees het my blind gemaak vir eelte en virusse in my lewe en verhoudinge. Ek het my verhoudinge eintlik merendeels net ingespan om heeltyd ‘n bevestiging van my vermoëns te kry en om te weet ek is ‘n steunpilaar in andere se lewe."

"Die gat waarin ek was, was diep en donker. Ekself het onbewustelik ‘n groot aandeel daarin gehad. My voete is nou weer op vaste grond. Ek is opgetrek uit die modderige slyk. In U Lig sien ek die lig. My erfenis is vir my mooi. Teleurgestelde verwagtinge is nie meer my god wat ek aanbid nie en ‘n swak selfbeeld is nie meer my daaglikse dieet nie."

"Kerkgoeters het my nog altyd verveel. Gee my liewer adrenalien sport. En interessante plekke waar ek heen kan reis. Ek het nooit kon dink dat ware feite oor die hemel en nuwe aarde soveel adrenalien in my kan wakkermaak nie. Skielik is die Koninkryk van God vir my 'n groot avontuur en die Pelgrimsreis na die hemel en nuwe aarde toe lyk na die beste reis van my lewe."

“Toe ek hier gekom het was ek net eenvoudig wounded. Maar hier het ek so baie ervaar van die “healing”. Ek was baie geslote voor mense en God. My pyn het ek vir myself gehou uit my ou, valse selfportrette en vrees vir verwerping geleef. Ek myself toe gehou vir almal en vir God en nie verantwoordelikheid vir my lewe aanvaar nie. Ek huil nie maklik voor mense nie en my emosies was jare lank my vyand. Vanoggend het die damwal gebreek. Ek is skoongewas in Jesus en verlos van jare se pyn en leed wat ek myself aangedoen het.”

“Ek het hiernatoe gekom met hoop op genesing vir pyn en seer, maar baie meer ontvang as wat ek gehoop het. Ek het ‘n padkaart gekry om op die praktiese manier ‘n Christen te wees soos Jesus.”

“Ons huwelik is grondig herstel en vir die eerste keer in ons 12 jaar van getroude lewe kon ons ‘n volwasse gesprek met mekaar voer”.

“Ek het almal in my lewe probeer dien in plaas van vir God. Ek het só baie wanindrukke gehad en God het totaal al daardie dinge aan my geopenbaar. Ek het nie eers geweet dat ek so ‘n verkeerde indruk en so ‘n groot nood en smag na God gehad het nie. Ek is só dankbaar en gelukkig.”

“Ek kan nie glo ek het met sulke arrogantheid soveel afgode al die jare aanbid het nie, salig onder die waan dat ek eintlik ‘n groot Christen en volwasse mens is”

“Na 10 jaar in die woestyn, het ek met my reis uitgekom by ‘n rusplek waar ek my ou self met sy valshede vaarwel kon toeroep. Ek het groot vreugde vir my laaste paar jaar hier op aarde want Christus is my lewe. Dankie Here, dat ek finaal gesterf het en nou net met deursettingsvermoë in enige lyding kan wag vir die grand finale.”

“Die lewe het opnuut weer vir my begin! Aan God al die eer in die hoogste hemele”.

“Het ek maar 30 jaar gelede só ‘n reis ondergaan sou my huwelik en gesinslewe totaal anders gelyk het”.

“Hier vat ek dag vir dag en het gesien dat ek "controlling behaviour" toon deur 'n ou binneprotret van seerkry. Ek probeer dan situasies of mense oorreed om nie dinge te doen (wat hulle vrye reg is) om my vlees te probeer beskerm. Die openbaring is pynlik want ek dink altyd ek is so onafhanklik en dit voel of 'n deel van my gaan sterf maar ek weet die nuwe Jesus-lewe spruit uit!”

“Later, na steeds dieper delf, na pyn en moedeloos, vat God my hand en ons stap saam in my dieptes rond, net ek en Hy. Hy glimlag skielik...en toe ek kyk, kyk God na MY: Jou skatte links en regs my liefste seun, kyk mooi en glo geen leuen. Want binne jou...die sekerheid van Christus Jesus-identiteit”.

"Ek het so ‘n patetiese mens gevoel dat ek nie vir die VM reis kans gesien het nie. Hoe kan een week my verlede en die effek daarvan wegvat? Al die vuil en seer is nou weg. Ek is ‘n nuwe mens."

"Ek wou 5 jaar gelede al my Reis in Menswees doen. Ek het opgestaan uit die dood en kan vir die eerste keer weer voel."

"My lewe was gebou op skuld. Jesus het Sy hand in my hart kom druk en gesê: Hierdie is nou My blyplek.” Ek het nog altyd gedink dat, as ek kon kies, my naam Adam moet wees. Nou weet ek hoekom. My regte naam beteken: 'God shall add'. Ek hoef nie meer vriende te gebruik om iets by te voeg en my beter te laat voel nie."

"My hele lewe het nou ‘n totale omwenteling ondergaan. My kettings het afgeval. Ek is Sy bruid, baie spesiaal vir Hom. Dis nie meer vir my so ‘n lewensoorheersende probleem dat ek nie getroud is nie."

"My lewe lank het ek geleef vanuit die veronderstelling dat ek die rede is hoekom mense om my gelukkig moet wees. Nou kan ek net toelaat dat Christus Homself in my wees en bepaal ander mense nie meer wie ek is nie."

"Ek is ‘n seuntjie wat vir die eerste keer in my lewe nou beleef het dat ‘n Pa vir hom sê: 'Ek is lief vir jou'.”

"Die belangrikste van alles vir my is die praktiese maniere waarmee ek toegerus is om vanuit my Jesus-identiteit te lewe."

"Die feit dat ek nie genoeg selfkennis gehad het nie, het beteken dat ek nooit in kontak met myself was nie en dus nooit die nodige ontnugtering in my vlees beleef het nie."

"My vernaamste masker was dat dit altyd goed gaan met my. Maar omdat ek minderwaardig en bang vir verwerping was het ek nooit vir enige iemand gewys wat ek regtig binne beleef nie."

"My Godsbeeld was een van ‘n kwaai, onvriendelike God wat nie 'regtig' vergewe nie."

"Ek was so ‘n 'pleaser' dat ek gereeld moeg en gefrustreerd was."

"Ek het myself so totaal verwerp veral omdat ek nie maer genoeg is nie, dat ek nie ‘n vae benul gehad het van wie ek is nie."

"Ek het sonder ‘n aardse moeder grootgeword. Dit was so genesend om God in Sy moederlike eienskappe te beleef."

"Ek was so gefrustreerd omdat ek net ander mense, en nie myself nie, gelukkig kon hou. Ek was ongered, ‘n mens op pad na ‘n verkeerde weg nêrens heen nie."

"Om veilig te voel het ek ‘n masker van 'ek is in beheer' voorgehou. Eintlik was ek minderwaardig en wantrouig. Ek het nou insig in die skade wat dit in my verhoudings meegebring het."

"Ek was ‘n uitgesuigde spons. My lewe lank het ek probeer 'shape' om liefde en aanvaarding te kry. Ek het vreeslike eise aan my vlees gestel. Daarom was ek, 'patetiese slagoffer', op breekpunt toe ek hier kom. Nou is ek gevestig in ‘n nuwe identiteit en betree die lewe as ‘n wedergebore oorwinnaar in Jesus. Ek borrel binnekant."

"Vir baie jare het ek so sleg geslaap en toe ek hier kom het dit gevoel of ek kan bars. Ek het hier so rustig geslaap. Met die Nagmaal wou ek net sing en skree van blydskap. Dit was my eerste sinvolle belewenis van Nagmaal."

"Ek was so gefrustreerd omdat ek net ander mense, maar nie myself nie, gelukkig kon hou. Ek was ongered, ‘n mens op ‘n verkeerde weg wat nêrens heen lei nie."
"Ek het myself binnekant heeltemal stukkend gekrap, maar dit nooit na buite laat blyk nie."

"My verlede was my lewe. Ek was heeltemal selfgesentreerd. Vir die eerste keer kan ek nou waarlik liefhê."

“Gedurende my Reis in Menswees het ek besef een van die grootste probleme in my menswees is my verhouding met myself. Vanaf my (gelukkig en sonder trauma) kinderdae word my emosies en optrede bestuur deur ‘n vrees vir verwerping en mislukking. Ek sou nooit in my normale lewensverloop kon uitkom by die redes vir my negatiewe belewenis van myself, en veral van God nie. Gedurende Reis in Menswees het ek met sorgsame begeleiding stil geraak in myself en voor God. In die proses het ek besef watter emosies, denkpatrone en gedrag my vir 43 jaar al pynig en partykeer weerhou daarvan om volwaardig as mens te leef. Sekere ontdekkings van myself was pynlik maar die ongemak is oorskadu deur die mate van bevryding wat ek ervaar het. ‘n Voorbeeld hiervan is dat ek ten spyte van sukses ‘n vrees vir mislukking het en dit voordurende angs by my veroorsaak. Dit maak dat ek uitermatig krities is op myself en voordurend dink ek is nie goed genoeg nie (selfs nie voor God nie). Die proses van self-ontdekking in Reis in Menswees is goed ondersteun gedurende die 8 dae met praktiese maniere om dit te oorkom. Alhoewel dit al 6 weke is sedert my Reis in Menswees, vind daar nog steeds groei in my plaas omdat ek op ‘n daaglikse basis my ervaring gedurende my reis kan uitleef. Vir die eerste keer in 43 jaar voel ek ligter en meer vry in my gemoed. Op ‘n geestelike vlak het daar verdieping gekom in my verhouding met God omdat my ou vals belewenis van God verander het. My belewenis van konflikbestuur het radikaal verander omdat ek nou besef wat die oorsprong van my gedrag is gedurende konflik en hoe my emosies my nog altyd daarvan weerhou het om konflik op ‘n gesonde manier te bestuur. Op ‘n baie praktiese manier het Reis in Menswees my geleer hoe om vanuit ‘n nuwe mens in Christus te leef. Ek het ook geleer hoe om gedurende my aardse reis as ‘n nuwe, bevryde mens in my verhoudings met ander te funksioneer.”

"Toe ek op die mooi plaas venue aankom vir my Reis in Menswees het ek nie my Vader geken nie en nooit besef wat dit vir my beteken om na die beeld van God geskape te wees nie. Ek weet en verstaan nou dat my identiteit in Christus my ware self is. Ek ervaar ook nou dat ek anders optree sonder dat ek regtig dink daaroor. Wanneer daar iets verkeerd loop in my interaksie met mense hanteer ek dit anders. Iemand het juis vandag vir my gesê sy wens so dat ek my brein kan openbaar want sy verstaan nie hoe ek al die goed doen en weet wat ek doen en weet nie. Ek benader mense anders en tree baie as 'n Wounded Healer op".

"'n Vrystaatse donderstorm het my begroet. Die weerlig het letterlik bo die plaas, waar die kursus gehou sou word, geklap. My hande, om die stuurwiel, het begin sweet toe ek die plaaspad vat na die begin van my *Reis na Volwasse Menswees*. Hoe het Winston Churchill dit nou weer gestel? ''Now this is not the end. It is not even the beginning of the end. But it is, perhaps, the end of the beginning.'' Ek sug sommer as ek aan al my ''issues'' dink en aan al die ''stuff'' in my lewe. Om nie eens te praat van my gevoelige tone wat, indien mense daarop sou trap, ek liefs niks sê nie, maar toelaat dat my emosies en frustrasies in my opbou - soos in 'n kookpot. Tydens my Reis in Menswees is ek bewapen met 'n sterk fondasie: Ek kon uit 'n nuwe identiteit in Christus saam met Hom staan en na die verwoesting in my lewe kyk. En toe begin om skouer aan skouer, saam met Hom, herstelwerk te doen. Ek kan nou die storms van die verlede, hede en toekoms kan meer effektief die hoof bied en hanteer. Reis in Menswees is 'n uitstekende belegging nie net vir myself nie, maar ook vir my nageslag. Ek het dadelik vrug begin oes in my verhoudings en algemene gemoedstemming."

"Voor my Reis in Menswees was ek vasgevang in my gedagtes, verstrengel in my emosies en wat nou eintlik die rede vir my bestaan is. Ek was gedryf deur 'n soeke na "Wie is ek?" en "Wat is die sin en betekenis van my bestaan?". My gedagtewêreld was gevul met vrae wat soos 'n maalkolk binne my gewoed het. Met Reis in Menswees het daar 'n helderheid in my binneste gekom wat my gelei het na nuwe perspektiewe, 'n nuwe manier van kyk na dinge. Hierdie Reis in Menswees was vir my die begin van die res van my lewe. Ek leef 'n nuwe lewe met nuwe lewenswyses en ek groei toenemend dieper in vrede en vreugde."

"God has made a new beginning for me ! How desperately I needed it after so many years of conflict with myself and other people".

"I always knew that the meaning of my name is 'forgiveness', but I never liked it. I felt many people can harm me and I must always please by forgiving all the time. Now I have discovered that forgiveness actually is the fruit of love and the experience of Jesus' worth in me. Actually my name is the Jesus character in me. I now feel I want to worship this Lord who has given me my meaningfull name".

"I felt that 90% of what was said in the course, was only for me personally. Things have become shockingly clear to me. My life was full of pain. I have now discovered that I have contributed to at least 70% of my pain because of my wrong reactions to life's difficulties and sufferings."

"To confront other people in order to restore relationships always bothered me because I saw it as a point of weakness to be the one to do it first. God has shown me that it is actually a sign of maturity to take initiative in restoring relationships."

"At this stage I have more than one 'prison' in my life. I have learned how to be usefull in my 'prisons' instead of just feeling fear and wanting to escape. I'm encouraged to leave my focus on material things and find my security in God".

"It has freed me to discover that only I myself am responsible for my own actions and not others. Also that I'm not healed if I have not cleaned up the sinfull infection in my wounds. Now, with Christ in me, I can constantly make new beginnings."

“In every stumbling block I face God first wants to change something in me. I must stop prescribing to God exactly how He should help me.”

“The example of the martyrs that were burned alive made a big impact on me. I love my material possessions too much and must start training myself not to do this.”

“The Biblical guidelines on relationships meant a lot to me and I want to implement it in my life even though I’m not young any more.”

“I have lived out of constant feelings of guilt and tried to separate myself from it. Now I know how to practically handle it.”

“My whole life has changed now. I’m strongly called by God to maturity. I did not understand the difference in my life between Biblical care for myself and sinful selfishness. I have served God more for the blessings in His hand than for His hand itself.”

"From the very first day of our journey I was very much touched by the message of the Wounded Healer. I never thought in the past that if God wants to reach His purposes in my life, I need to go through times of trials, pain, losses and sufferings. God has called me to be a wounded Healer, like Jesus, and He can use my past experiences of woundedness and pain in order to make it a source of healing for wounded people like me".

"During course I also realised that God and His Divine Identity which is in me now is the only source of my existence and daily living (relationships, work). I am very blessed to understand that I don't need to rely on other'speople opinions about me or my own sinful own convictions of who I am, but can trust in what God thinks of me now. I also learned that in my old nature and flesh I have absolutely nothing to boast about and only by trusting in God's power within in me, I can live the life that He expects of me and bear much fruit."

"I have experienced much love from the Lord these days and am so grateful that God's Word is being fulfilled and shows itself in such truthfulness to us. Most of all I am grateful for the gift of eternal life of God in me now! With joy I am now expecting the day when I can see Jesus face to face. May the Father, the Son and the Holy Spirit receive all the glory!"

Ek vertel vir julle van my Reis, gebaseer op Lukas 15, die verlore seun.

Sê nou ek verloor een van my varkies, wat doen ek dan? Ek los alles waarmee ek besig is en ek gaan soek myself, tot ek myself kry. En as ek myself vind, omhels ek myself in my arms, behandel my eie wonde en vat myself huistoe. As ek by die huis kom, share ek die goeie nuus: "Wees saam met my bly want ek het al my varkies bymekaar.

"Eendag was 'n man gewees wat sy identiteit gesoek het. Hy het vir homself gesê: "Ek gaan vir myself die pad vooruit loop, gun my die helfte wat myself toekom sodat ek vir myself 'n ideale beeld kan skep." Nie lank daarna nie, het hy homself los gemaak van homself en as halwe mens 'n beter helfte gaan soek in 'n baie ver land. Die ver land was in sy kop. Ek sal nou nie sê hy het losbandig gelewe nie, maar hy het wel bande los gemaak van wie hy werklik was...In hierdie verbeeldingwêreld waarin hy ingetrek het, het hy vir homself 'n ideale beeld begin bou: 'Die ideale prentjie van wie ek graag wil wees.'

Die raamwerk waarbinne hy hierdie beeld gebou het was ooglopend baie mooi: Ek wil 'behoort', gee my waarde, ek wil voel ek het vermoë. Die bou materiaal het van oral gekom. Van kleins af het hy al inligting begin versamel: Wat is ideaal, wat is nie ideaal nie; wat maak my vol en wat maak my leeg. So met die verloop van prestasies en goeie eienskappe het die beeld begin vorm kry. Later het hy so geïdentifiseer met hierdie beeld dat hy sy asem vir die beeld gegee het. Sy menswaardigheid het begin lê in hierdie 'beeld waardigheid'.

Met verloop van tyd het 'n kwaai hongersnood stelselmatig by hierdie wêreldjie ingetrek. Hy was so losbandig dat hy sy hart uitgehaal het en vir hierdie beeld gegee het. Hy was af van homself af en hy was af van God af. As die beeld nie 'perform' nie, het hy sleg oor homself gevoel. As die beeld 'perform', het hy goed gevoel oor homself. Hy was honger vir erkenning, maar hy kon dit net eet as sy ideale beeld 'perform' het. Eers toe hy al sy krag en energie op die beeld spandeer het, het hy agter gekom dat die beeld nie lewendig word nie en toe het hy self begin gebrek ly. Hy het toe sommer net daar in die dooie beeld tuis gegaan om al sy varkies bymekaar te hou. Daar het hy gewens hy kan sy honger stil met al die komplimente wat die mense vir die beeld gee, maar die varksigtigheid van die wêreldjie het alles verorber.

Toe kom hy tot homself en sê vir homself: "Ek bestaan uit soveel fasette van menswees waar elke deel soveel groei potensiaal het en hier vergaan ek in my denke. Ek het my doel teenoor myself en teenoor God gemis. Ek sal dadelik na myself toe teruggaan en erken dat ek nie aan al die voorwaardes voldoen om 'n suksesvolle mens genoem te word nie. Daar sal ek myself verwyt en straf tot ek voel ek het my eie straf regverdig afbetaal het." Sonder versuim het hy sy toekoms van slaaf-wees tegemoet geloop. Op pad terug kruis sy pad met die van 'n pelgrimsreisiger. Op die kruispad het hulle hul lewensverhale met mekaar geruil. Hy deel toe sy swakheid aan die vreemdeling en die vreemdeling het hom innig jammer gekry.

Die vreemdeling nooi toe die identiteitsoeker na Sy Pa se plek waar daar soveel plek voorberei is. Hulle het ooreen gestem om hulle stapsakke om te ruil aangesien hulle roetes ook geruil het. Die vreemdeling is daar weg na Golgota terwyl die identiteitsoeker met 'n nuwe sak 'n nuwe rigting ingeslaan het.

Hy was nog besig om sy voete te vind in sy nuwe kleredrag toe kom sy ewebeeld na hom tegemoed gehardloop met 'n ontmoeting van aanvaarding, erkenning en verlange. Hy reageer toe vanuit sy slaafklere: "Ek is gevalle beeld van God, ek is nie werd om skoon genoem te word nie."

Maar sy Skeppingsbeeld weier hierdie aanklag teen Homself en roep Sy onskuldige tot Sy sinne: "Maak gou! Roep jou siel tot bedaring, want wat jy van jouself dink en sê, is nie wat jou ware Ewebeeld van jou dink en sê nie".

Met trane vol blydskap vereenselwig die Skeppersbeeld hom met sy ewebeeld: "Kyk net na die klere wat jy aan het, hierdie is My beminde se ring, die skoene van Jesus aan jou voete: Jy is net die beste!" Die ou ideale beeld van jou is dood. Weggevat met die ou rugsak en vasgekap aan die vervloekte kruis. Die ware jy, gemaak na My beeld, Zoë-lewe weer. Jy het jou ware vaste Identiteit terug gekry!". Soos wat hy dit hoor, rol sy trane 'n skoon pad oor sy wange vol stof. Hy lug sy ken op en sien 'n massiewe spieël wat vir hom wys hoe hy werklik lyk. In hierdie suiwer-skoon spieël sien hy eienskappe van homself raak wat hy nooit in homself erken het nie. Die verste wat hy agtertoe is die spieël kan sien is Golgota. Die res het verdwyn.Hy sien sy nuwe beeld: Volmaak, regverdig en permanent. Iets wat nooit van hom weggeneem kan word of vuil kan word nie. Al vee hy sy stof-oë daarmee af. Daar is niks klere wat nog bygevoeg moet word of dele wat verniel kan word nie.

Hartseer sak hy in die stof op sy knieë neer. Die opgeskopte stof kruip soos ou herhinneringe oor sy blink-skoon nuwe klere. Herinneringe van hofsake wat nog nie opgelos is nie. Nie een stukkie stof het aan sy klere vasgesit nie. Dit was asof die spieël nie eers die stofmakery onthou nie. Verlig dink hy by homself: Niks wat ek doen kan die beeld in die spieël verander nie. Die hofsaak is verby. Met 'n glimlag dink hy aan die stof van sy ou natuur wat vassit aan wat hy gewoond is. Daar's niks waarmee hy nog moet afreken nie. Hoe meer ek myself verkyk in die spieël, hoe meer sien ek Jesus in my raak. Klaar volmaak, geen voorwaardes wat nog tussen hom en die spieël staan nie."Ek is sondeloos en volmaak in Jesus. Ek is volkome in Jesus. In Jesus voldoen ek aan God se verwagtinge. Ek is heiligin Jesus. Jesus se volmaaktheid is myne. Jesus se karakter is vir my gegee. Jesus se sukses, is myne. Ek het alles geërf."

****